NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur | 100 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Poësie (30 punte)
   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

7. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.


IEB Copyright © 2020

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

**Lees die onderstaande teks deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

### Toep kan boelies en hul slagoffers help



1 Ander kinders het die sanger Jo Black as kind geboelie, maar hy het ook somtyds die boeliewerk gedoen. Nou wil hy hê slagoffers én boelies moet gehelp word.

2 Black is een van die stigters van *Be That Guy/Girl* wat 'n selfoontoep (*cell phone-app*) bekend gestel het waarop skoolkinders binne enkele minute boelieaanvalle anoniem kan aanmeld.

3 *Be That Guy/Girl* se ***Heroes Anonymous***-inisiatief probeer om landwyd negatiewe gedragskwessies in skole te verminder. Dit sluit alle vorms van boeliegedrag, mishandeling, geweld en ook die misbruik van wapens, dwelms en alkohol in.

4 Die organisasie teiken alle skole. Hulle doel is om leierskap, integriteit, respek en positiwiteit onder die jeug te bevorder. "Ons motiveer kinders om 'n verskil te maak en die mens te wees wat jy in die wêreld wil sien. Wees daardie persoon wat mense ophelp wat geval het, wat dié beskerm wat swak is, wat gee aan dié wat nie het nie," sê Black. "Ons wil kinders help wat geboelie word en help om boelies te rehabiliteer."

**Meer oor die toep**

5 *Be That Guy/Girl* het in die laaste vier jaar uitgevind dat geboeliede of mishandelde kinders dikwels stilbly oor wat met hulle gebeur. Hulle reageer dan emosioneel daarop. Dit kan daartoe lei dat sommige van hulle later hulle eie lewens in gevaar stel. Dit lei dan tot gevalle van selfbesering, selfdood of skade aan ander mense.

IEB Copyright © 2020

6 Hierdie toep gee kinders 'n stem. Enigeen kan 'n voorval rapporteer – ook namens iemand anders. Al die voorvalle wat leerlinge rapporteer, word vertroulik hanteer en kry noukeurig aandag. Die identiteit van die leerlinge word beskerm. ***Heroes Anonymous*** help kinders om in beheer van hul lewens te wees en die gevolge van hul dade te aanvaar. Ons hoop dat elke liewe skoolkind eendag hierdie toep sal hê.

**'n Onlangse boelievoorval**

7 'n Leerling van 'n hoërskool noordwes van Pretoria het onlangs in die hof verskyn omdat sy glo 'n klasmaat aangerand het. Die LUR vir Onderwys, Panyaza Lesufi, het die skool besoek en die familie van die slagoffer ontmoet. Hulle het daarna 'n klag van aanranding by die polisie ingedien. Dit was nadat 'n video die rondte gedoen het van 'n meisie wat 'n medeleerling boelie. Sy het 'n wit vloeistof oor haar gegooi en haar oor die kop geslaan.

8 "Ons het die toep begin om vir hierdie kinders iets in hul hand te gee om dit moontlik te maak om iets aan boelies te kan doen. Ons wil boelies twee keer laat dink voordat hulle hulself wangedra, want daar is altyd 'n getuie," sê Black.

9 Die toep het ook 'n funksie wat goeie gedrag aanmoedig en is beskikbaar op Google Play en Apple IOS.

[Bron: Verwerk uit *Die Burger*, 4 Februarie 2020]

1.1 Lees paragraaf 1.

1.1.1 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is.

Jo Black is 'n *skoolsielkundige* wat kinders probeer help. (1)

1.1.2 Haal **een woord** uit die paragraaf aan om jou antwoord in Vraag 1.1.1 te motiveer. (1)

1.2 Haal **drie opeenvolgende woorde** uit paragraaf 2 aan wat bewys dat hierdie toep kinders help om **vinnig** op afknouery te kan reageer. (1)

1.3 **Waar** wil **Heroes Anonymous** hierdie kwessies wat genoem word, aanspreek? (1)

1.4 Noem **EEN** van die dinge wat in die leesstuk genoem word, waarteen leerlinge op skool hulleself moet kan beskerm. (1)

1.5 Noem **EEN** van die eienskappe uit paragraaf 4 wat die jeug moet aanleer sodat hulle nie negatiewe gedrag bevorder nie. (1)

1.6 Hoekom weet mense nie altyd wanneer 'n kind geboelie word nie? (1)

1.7 Wat **doen** geboeliede kinders soms omdat hulle nie weet hoe om die situasie reg te hanteer nie? (1)

1.8 Waarom, sê Jo Black, moet boelies goed dink voordat hulle iemand boelie? (1)

1.9 Hoe behoort 'n onderwyser op te tree as iemand by die skool geboelie word? (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2020 

**VRAAG 2 ADVERTENSIE**

**Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die vrae wat daarna volg.**




[Bron: *Die Huisgenoot*, 10 Julie 2017]

2.1 Wie is die **adverteerder** in hierdie advertensie? (1)

2.2 Wie is die **teikenmark** in hierdie advertensie? (1)

2.3 Wat is die **slagspreuk** van die adverteerder? (1)

2.4 Watter **goeie Afrikaanse woord** sal jy in die plek van "buddy" in die advertensie gebruik? (1)

2.5 **Hoe** beeld hierdie advertensie die gebruik van alkohol **visueel** uit? (1)

2.6 **Waarom,** dink jy**,** is die woorde "'n Regte buddy sal jou nie laat drink en bestuur nie" meestal in **pers** geskryf? (1)

2.7 Dit kos **net** R20 per maand om hierdie diens te kan benut.

2.7.1 Sê of bogenoemde stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. (1)

2.7.2 Motiveer jou antwoord in Vraag 2.7.1 deur **drie opeenvolgende woorde** uit die advertensie aan te haal. (1)

2.8 Outsurance het eers lewensversekering verkoop voordat hulle enige ander versekering verkoop het.

2.8.1 Sê of bogenoemde stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. (1)

2.8.2 Motiveer jou antwoord in Vraag 2.8.1 deur **drie opeenvolgende woorde** uit die advertensie aan te haal. (1)
**[10]**

## VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

**Bestudeer die spotprent. Beantwoord dan die vrae wat volg.**




[Bron: *Die Burger*, 26 Julie 2007]

3.1 **Hoe** wys die seun se **liggaamstaal** dat hy **vol vertroue** is? (1)

3.2 **Noem twee dinge uit die spotprent wat daarop dui** dat hierdie seun nou net van sy skool af gekom het. (2)

3.3 Hoe wys die seun se **gesigsuitdrukking** dat hy **nie bekommerd** is nie? (1)

3.4 **Wat** doen die seun met sy linkerhand? (1)

3.5 **Hoe** word dit (jou antwoord in Vraag 3.4) in die spotprent aangedui? (1)

3.6 In **watter vertrek** is al hierdie mense heel waarskynlik? (1)

3.7 **Hoe** wys die **ma se liggaamstaal** dat sy **nie verstaan/glo** wat haar seun sê nie? (1)

3.8 **Hoe** kan ons aan die **ma se gesigsuitdrukking** sien dat sy **bekommerd** is? (1)

3.9 Hoe **presteer** hierdie seun op skool? Antwoord in 'n volsin. (1)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2020

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 WENKE OM MOEGHEID TE VOORKOM

- Lees die onderstaande teks.
- Som dan die vyf WENKE om moegheid te voorkom in jou eie woorde op en noem elke keer 'n REDE vir die wenk.
- Dit moet elke keer EEN sin wees met 'n wenk en 'n rede wat met 'n voegwoord verbind word.
- Skryf die opsomming puntsgewys in vyf volsinne neer. Jou opsomming moet ongeveer 70 woorde bevat.
- Nommer die wenke van 1 tot 5.

**Onthou:**
- om 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer te skryf.
- om nie volsinne direk uit die teks aan te haal nie.
- dat jy gepenaliseer sal word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- dat elke hoofpunt slegs EEN sin, met **die wenk** en **die rede** vir daardie wenk, moet bevat.
- om jou opsomming te beplan voordat jy dit begin skryf. **Trek 'n streep deur jou beplanning** sodra jy klaar is met jou opsomming.

**VOORKOM MOEGHEID MET DIÉ WENKE**



HOEKOM is jy heeltyd so doodmoeg? Daar kan verskeie faktore wees.

As jy so moeg is, kan dit wees dat jy nie genoeg water inneem nie en eintlik ontwater. Dit tas jou bloedsirkulasie aan wat die suurstof na die organe en spiere moet neem. Drink die regte hoeveelheid water vir jou liggaam. Die hoeveelheid water wat mens benodig, wissel van persoon tot persoon. Die hoeveelheid water wat een persoon nodig het, kan verander, afhangende van waar jy woon en wat jy doen.

Sluit vleis, eiers, vis, pluimvee, neute en sade by jou ontbyt en middagete in. Die proteïene in hierdie kossoorte gee jou die energie wat jy nodig het om dinge gedurende die dag te doen. Sit okkerneute en botter op jou hawermout; nie stroop en rosyne nie.

IEB Copyright © 2020

As jy boonop te veel koffie drink, sal dit net jou moegheid vererger. Die kafeïen in koffie hou jou nie net wakker nie, maar dit ontwater jou ook. So probeer maar om nie so baie bekers koffie in 'n dag te drink nie.

Maak seker dat die gordyne in jou slaapkamer alle lig van buite wegkeer. As jou kamer nie donker genoeg is nie, kan dit beteken dat jy nie 'n ordentlike hoeveelheid slaap inkry nie.

Het jy geweet dat kitskos ("junk food") nie al die noodsaaklike voedingstowwe bevat om energie op te bou nie? Om die korrekte voedingstowwe in te neem moet jy kitskosse vermy. Probeer om eerder gesonde groente soos spinasie, broccoli, wortels en beet te eet. Dit sal verseker dat jy nie deur die dag so moeg voel nie.

[Verwerk uit: *Son Digitaal*, Sondag, Oktober 25, 2015]

**10 punte**

IEB Copyright © 2020

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.**

**Strelitzia –** *Annie Klopper*

dit was reeds te laat vir verskonings maak
toe mevrou Susan van Breda – enkele sekondes
nadat sy die oggend om stiptelik seweuur
met 'n lang sigaret
tussen gladde naels agter die stuur
van haar luukse sedan ingeskuif het –
skielik
geskok
na die linkerkant van haar simmetries
geplaveide siersteenoprit staar

dit was reeds te laat vir verskonings maak,
ja,
maar
dalk
indien sy nie so besig was om
(met die staar saam)
aan verskonings te dínk nie
sou sy dalk ten minste redes kon kop
waarom haar seun haar strelitzia
stukkend sou wou skop

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

5.1 Waarvoor sou Susan van Breda, as dit nie te laat was nie, verskoning maak? (versreël 1) (1)

5.2 Die vrou word as **mevrou** Susan van Breda aangespreek (versreël 2). Wat suggereer dié aanspreekvorm omtrent haar karakter? (1)

5.3 Haal **een woord** uit strofe 1 aan om aan te dui dat die Van Breda's **ryk** is. (1)

5.4 Lees versreëls 7 en 8:

5.4.1 Waarom, dink jy, is die woorde "skielik" en "geskok" alleen in 'n versreël geplaas? (1)

5.4.2 Hoe weerspieël die **tipografie** van versreëls 7 en 8 wat Susan van Breda op daardie oomblik doen? (1)

IEB Copyright © 2020 

5.5 Verwys na strofe 1.

5.5.1 Noem **een** ding wat wys dat Susan van Breda probeer om **perfek te wees**. (1)

5.5.2 Wat is moontlik **die belangrikste aspek** van haar lewe wat nie perfek is nie? (1)

5.6 Vergelyk strofe 1 en strofe 2 met mekaar.

5.6.1 Watter woord in strofe 1 beteken dat iets **aan albei kante dieselfde** lyk? (1)

5.6.2 **Hoe weerspieël** die **bou** van die twee strofes in die gedig jou antwoord in Vraag 5.6.1? Noem **twee** dinge. (½ + ½ = 1)

5.7 Waarvan is die strelitzia moontlik 'n **metafoor**? (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2020

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.**

**"Mamma" kan ek nie sê nie** – *Jelleke Wierenga*

Ek onthou die engel
het my van die rand
van wik en weeg

afgeskop in jou in

onmoontlik sê hulle
om te weet
van voor tyd se tyd

maar ek het geweet
wat ek nou weet:

as jy na my kyk
is ek nie
in jou oë nie.

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

6.1 Beantwoord die volgende twee vrae oor die betekenis van die gedig.

6.1.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter in jou antwoordboek neer.

Die spreker beweer dat sy ______ geweet het dat sy 'n ongewenste kind was.

A net nadat sy gebore is,
B vóór sy nog gebore is,
C op laerskool
D op hoërskool (1)

6.1.2 Haal 'n **versreël** aan om jou antwoord in Vraag 6.1.1 te motiveer. (1)

6.2 Die **titel** behoort te wees: Ek kan nie "mamma" sê nie.

6.2.1 Wat noem jy dit as 'n digter die woordorde van 'n sin omruil? (1)

6.2.2 Hoekom, dink jy, het die digter die woordorde omgeruil? (1)

6.3 Watter **soort** gedig is "'Mamma' kan ek nie sê nie"? (1)

IEB Copyright © 2020 

6.4 Verwys na versreëls 1–4.

6.4.1 **Wie** het vir die spreker se ma besluit dat sy 'n kind moes hê? (1)

6.4.2 **Hoe** sou die spreker se ma se lewe **moontlik anders** gewees het as sy self die besluit kon neem? (1)

6.5 Verduidelik **in jou eie woorde** wat die spreker in versreëls 5–7 bedoel. (1)

6.6 Wat is die **funksie** van die dubbelpunt aan die einde van versreël 9? (1)

6.7 Wat **bedoel** die spreker as sy in versreëls 11 en 12 sê:

"is ek nie
in jou oë nie."? (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2020

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onvoorbereide gedig en beantwoord die vrae wat volg.**

**Die man se standpunt –** *C.J. Langenhoven*

Ek vra die mannetjievolstruis:
"Waar is jou vrou?" Hy sê: "Sy's tuis,
Waar vrouens hoort; sy sit en broei."
Ek sê: "Terwyl die son so skroei?"

"En wanneer help jy dan vir haar,
Of kry net sy alleen dit swaar?"
"My beurt kom in die nag," sê hy,
"Dan is dit hare om te wy."

"Dan is dit koel," sê ek, "en jy
Slaap in jou slapenstyd, en sy
Moet in die donker kossies pik –
Jy vreet jou in die daglig dik."

"Haar diens is liefdesdiens," sê hy;
"Haar swaarkry is haar lekkerkry;
Haar saligheid, haar vrouedeel
Om nooit te voel sy gee te veel."

[Bron: *Sprak of Sprook* en ander gedigte – C Janse van Rensburg, MML]

7.1 Verwys na strofe 1.

7.1.1 **Bepaal** en **benoem** die rymskema van hierdie strofe. (2)

7.1.2 Haal 'n voorbeeld van **alliterasie** aan. (1)

7.2 Van **watter mans** is die volstruismannetjie 'n **simbool**? (1)

7.3 Hoekom, sou jy sê, is dit **nie regverdig** dat hy net in die nag (versreël 7) uithelp nie? (1)

7.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

'n Strofe wat uit **vier versreëls** bestaan, word 'n ______ genoem.

A tersine
B koeplet
C oktaaf
D kwatryn (1)

IEB Copyright © 2020 

7.5 **Waarom** gebruik die spreker die woord **"kossies"** (versreël 11) in plaas van "kos"? (1)

7.6 Verwys na strofe 4.

7.6.1 **Wat** is, volgens die volstruismannetjie, die **rol** van die wyfie? Haal slegs **een woord** as antwoord aan. (1)

7.6.2 **Watter kontras** vind ons in hierdie strofe? Haal slegs die twee kontrasterende woorde aan. (1)

7.6.3 Haal 'n voorbeeld van **assonansie** uit versreël 13 aan. (1)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2020

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Die onderstaande taalsinne is op die strokiesprent gebaseer. Herskryf die sinne soos aangedui.**




8.1 Die seun sit en praat met sy onderwyser.

**Gisteroggend ...** (1)

8.2 Is die onderwyser nog besig om sy les aan te bied?

**Nee, ...** (1)

8.3 Die onderwyser praat met die student, want hy verstaan nie Wiskunde nie.

**Die onderwyser praat met die student aangesien ...** (1)

8.4 Die onderwyser sê : "Jy vaar altyd sleg in my toetse."

**Die onderwyser sê dat ...** (1)

8.5 Die seun ontwrig elke dag die onderwyser se lesse.

**Die onderwyser se lesse ...** (1)

8.6 Die onderwyser raas met die seun. Hy stuur die seun na die skoolhoof toe.

**Nadat ...** (1)

8.7 Die seun sal die huiswerk netjies by die huis inhaal.

**Die huiswerk ...** (1)

8.8 Die seun moet 'n tweede kans kry om sy werk te doen.

**Die seun behoort ...** (1)

IEB Copyright © 2020 

8.9 Die seun het sy boeke by die skool.

**Volgende Vrydag ...** (1)

8.10 Hy sal elke middag moet studeer om Wiskunde te slaag.

**Hy sal elke middag moet studeer sodat ...** (1)

8.11 Die seun moet alle sport vir ses maande staak.

**Die seun hoef ...** (1)


8.12 Het jy al ooit van so 'n stoute seun gehoor?

**Nee, ek ...** (1)
**[12]**

IEB Copyright © 2020

**VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE**

**Lees die paragraaf wat op die onderstaande strokiesprent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord in jou antwoordboek neer.**




[Bron: *Die Huisgenoot*, 14 Augustus 1997]

Die **9.1 (jong/jonk – kies die korrekte woord)** seun gee **9.2 (elke oggend – gee een woord)** en saans vir sy hond kos. Hy gee vir die hond stiptelik om 06:00 vanaf Maandag tot **9.3 (Sondag – gee die afkorting)** sy kos buite by die **9.4 (honde hok/hondehok – kies die korrekte antwoord)**. Dit is belangrik vir **9.5 (pets – gee die korrekte Afrikaanse woord)** om ook 'n vaste roetine te hê.

Die seun besluit om die hond 'n poets **9.6 (___ – vul die ontbrekende woord in)** bak. Sy vriendin is **9.7 (neuskierig/nuuskierig – kies die korrekte spelling van die woord)** en hoop dat hy dalk 'n **9.8 (liefde + brief – gee die korrekte vorm van die woord)** skryf wat **9.9 (aan/vir – kies die korrekte voorsetsel)** haar bedoel is. Hy verduidelik dat dit 'n

IEB Copyright © 2020 

spyskaart is wat in Frans geskryf is. Mense wat van **9.10 (____ – die land waar Frans die spreektaal is)** kom, sal dit verstaan. Hy **9.11 (glo/belowe – kies die korrekte woord)** sy hond sal niks daarvan verstaan nie. Die hond het die spyskaart **9.12 (onmiddelik/ onmiddellik – kies die korrekte spelling)** deurgelees. Hy was **9.13 (kwaad – gee die intensiewe vorm)** vir die seun. Vir die hond was dit die laaste strooi. Dit was die **9.14 (erg – gee die oortreffende trap)** ding wat die seun kon doen. Die seun was wreed omdat hy sy hond soos 'n gek **9.15 (i.p.v. – skryf die afkorting in woorde uit)** 'n **9.16 (koning – gee die verkleinvorm)** laat voel het.

**[8]**

IEB Copyright © 2020

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder deur.
- Voer die instruksies wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat. (Jy hoef nie aanhalingstekens te gebruik nie.)
- Elke respons moet **15–20 woorde** lank wees. Onthou om jou woordtelling elke keer neer te skryf.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.




[Bron: Google images]



[Bron: Facebook: CAF – Claudio Albino Photography]

**Die ondersteuners by die skool se waterpolowedstryd kyk na hulle kinders se spel.**

10.1 Persoon A se seun is die doelwagter en speel op die oomblik baie goed. Sy praat met haar vriendin langs haar en lewer **positiewe kommentaar** oor haar seun se spel.

Skryf neer wat sy vir haar vriendin sê en **noem iets spesifiek** wat haar seun in die spel gedoen het. (2)

10.2 Persoon B se selfoon lui. Hy is **geïrriteerd**, want hy moet nou die oproep beantwoord en hy sal die spel in die swembad mis.

Wat sê/vra hy vir die persoon wat hom geskakel het? (2)

10.3 Die fotograaf (persoon C) het 'n probleem met sy kamera. Hy is **kwaad**, want hy kan nie verder foto's neem nie.

Wat is sy **reaksie** en wat sê hy is die **rede** vir die probleem? (2)

10.4 Hierdie ondersteuner (persoon D) is **baie opgewonde** oor die wedstryd.

Wat sê sy om haar span **te inspireer** om beter te speel? (2)

10.5 Hierdie man (persoon E) is **ontevrede** met 'n besluit wat die skeidsregter gemaak het. Hy dink **die skeidsregter het verkeerd opgetree**.

Wat sê hy vir die skeidsregter en wat, voel hy, het die skeidsregter verkeerd gedoen? (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2020